

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



## BEGRYP WAT DEMOKRASIE BETEKEN

### Wat is demokrasie?

Demokrasie is 'n stelsel van landsbestuur en regering — 'n wyse waarop 'n land regeer word. Die bekendste definisie van demokrasie is “regering deur die mense”. Dit beteken basies dat die mense 'n mandaat (hulle toestemming) aan die regering gee om die land namens hulle te regeer. Deur hulle reg om te stem, word die mense die geleentheid gebied om in gereelde, vrye en regverdige verkiesings die politieke partye en politici te kies wat hulle in die regering sal verteenwoordig.

Sodra die regering verkies word, het dit baie verantwoordelikhede. Dit is verantwoordelik vir die bestuur van hulpbronne soos grond, water en openbare dienste ten einde toe te sien dat daar in mense se basiese behoeftes voorsien word. Daar word van die mense verlang om aan die regering belasting te betaal en dié geld word gebruik om vir dienste soos basiese gesondheidsorg en die onderwys, maatskaplike toelaes en pensioene, paaie, behuising en water, ensovoorts te betaal.

Terwyl vrye en regverdige verkiesings 'n wesenlike deel uitmaak van die demokrasie, behels demokrasie meer as net die uitbring van 'n stem. Demokrasie bied ook aan burgers die geleentheid om op alle regeringsvlakke, naamlik die plaaslike, provinsiale en nasionale vlakke, deel te neem. Die deelname van burgers dra daartoe by dat verseker word dat verkose verteenwoordigers en amptenare aanspreeklik is vir hulle dade. Daar word van hulle verwag om eerlik en doeltreffend op te tree en om die beloftes wat hulle gedurende hul verkiesingveldtogte gemaak het, na te kom, en om oop en deursigtig te wees in hulle optrede.

Wanneer die meerderheid van die burgers vir die regering stem, gee hulle in der waarheid 'n mandaat aan die staat om wette namens hulle aan te neem en af te dwing. Indien die regering ongewild raak, kan die regerende party uitgestem word, hulle mag verloor en deur 'n opposieparty of koalisie van partye vervang word. Dit gebeur egter nie baie maklik nie.

### Beginsels van demokrasie

#### Deelname

Mense het 'n reg en plig om in verkiesings te stem en hulle by politieke partye en organisasies van die burgerlike samelewing aan te sluit.

#### Gelykheid

Alle mense moet gelyk en sonder diskriminasie behandel word en daar moet gelyke geleenthede aan almal gebied word.

#### Verdraagsaamheid

Elkeen, met inbegrip van minderheidsgroepe, moet toegelaat word om hulle menings uit te spreek en hulle aan te sluit by politieke, godsdiens- en burgerlikesamelewingsorganisasies van hulle eie keuse.

#### Aanspreeklikheid

Die regering moet aanspreeklik wees teenoor die mense vir sy optrede, met inbegrip van die wette wat aangeneem word en hoe die wette toegepas word.

#### Deursigtigheid

Die regering moet openlik en eerlik verslag doen—hy moet “deursigtig” wees (soos 'n venster) in sy omgang met die publiek.

#### Gereelde, vrye en regverdige verkiesings

Verkiesings moet gereeld plaasvind en op 'n vrye en regverdige wyse, sonder intimidasie, korrupsie of dreigemente aan enige lid van die publiek.

#### Aanvaarding van die uitslae van verkiesings

Wanneer 'n politieke party 'n verkiesing verloor, moet sy leiers en ondersteuners die uitslag van die verkiesing aanvaar.

#### Menseregte

Die menseregte van individue en groepe moet beskerm word, soos uiteengesit in die Handves van Regte.

#### Oppergesag van die reg

Die oppergesag van die reg beteken dat niemand bo die reg verhewe is nie, met inbegrip van die President of leier van die land.

#### Veelpartystelsel

Meer as een politieke party moet toegelaat word om aan die verkiesings deel te neem en 'n rol in die regering te vervul.

